**KONSTITUSIE**

**WHALERS ATHLETIC CLUB /ATLETIEK KLUB**

## 1. NAAM

Die klub se naam sal 'Whalers Athletic Club' in Engels en 'Whalers Atletiekklub' in Afrikaans heet.

## 2. DOELSTELLINGS

Die doelstellings van die Klub is om amateur atletiek te bevorder deur:

Die reel van kompetisies of byeenkomste, alleen of in oorleg met ander klubs of verenigings.

Die toekenning van pryse en trofee, die voorsiening van die betrokke toerusting en die beskikbaarstelling van afrigters.

Die insameling van die nodige fondse wat deur die bestuur van die Klub nodig geag word om die Klub se werksaamhede voort te sit.

Die verkryging van die nodige baan en terreine vir die beoefening van atletiek deur onderhandeling en samewerking met Overstrand Munisipaliteit, of ander sportklub, owerheidsliggaam, verenigings, klubs of instansies as wat nodig mag wees.

Die Klub kan op 'n algemene vergadering besluit om te assosieer en / of om saam te werk met ander sport organisasies soos fietsry en / of twee- en driekamp klubs.

## 3. AFFILIASIE

Die Klub sal in alle opsigte optree en elke byeenkoms reel in ooreenstemming met die reglemente van Atletiek Suid-Afrika (hierna ASA genome).

Die Klub is en sal geaffilieer bly as lid van Boland Atletiek.

## 4. LIDMAATSKAP

4.1 <u>Omskrywing</u>

By lidmaatskap word bedoel aktiewe sowel as sosiale lede en sal die Klub beide akkommodeer.

By lidmaatskap word slegs bedoel en is beperk tot persone wat ooreenkomstig die reglemente van ASA en BOLAND erken word.

Verder kwalifiseer enigiemand, behoudens ander bepalings, wat woonagtig is in die gebied van Whalers Atletiek Klub soos vasgestel deur Boland Atletiek.

'n Persoon wat 'n aktiewe lid is, sal die reg he om deur middel van 'n volmag te stem.

Lede wat met die aanvang van die Algemene Jaarvergadering nie hulle intreegeld vir die komende jaar betaal het nie, sal nie stemreg hé tydens die Algemene Jaarvergadering nie.

Vir die doeleindes van Klublidmaatskap, moet ‘n lid 16 jaar of ouer wees.

Ledegeld kan met 25% verminder word, vir lede wat aan ‘n geassosieerde fietsry, twee- of driekamp klub behoort.

4.2 Jaarlikse Ledegelde

Die ledegeld vir elke kwalifiserende lid word jaarliks by die Algemene Jaarvergadering bepaal, maar mag nie minder wees as die bedrae wat deur die Bestuurskomitee voorgestel word nie.

Ledegeld sal bestaan uit Boland lisensiegeld en Klublidmaatskap fooie.

Ledegeld is jaarliks betaalbaar. Die voorgeskrewe intreegeld tesame met lidmaatskapgelde moet betaal word, alvorens sodanige persoon kan aandring op die voorregte van lidmaatskap.

4.3 Aansoek om Lidmaatskap

Aspirant lede moet ‘n aansoekvorm soos deur die Bestuurskomitee voorgeskryf, voltooi en word slegs tot lidmaatskap toegelaat as die Dagbestuur die aansoek toestaan.

Alle aspirant lede moet hulle bereid verklaar om die konstitusie van die Klub te aanvaar, bevestig dat hy of sy ‘n amateur is en nie geskors is deur atletiek unie of ander klub nie.

4.4 Vrywillige Bedanking

Lede wat verkies om hulle lidmaatskap te beeindig moet te minste 14 dae voor die verstryking van die finansiele jaar die Dagbestuur skriftelik van sodanige besluit in kennis stel, andersins sal sodanige lid aanspreeklik gehou
word vir die daaropvolgende jaar se volle ledegelde.

Die Dagbestuur het die reg om enige vrywillige bedanking terug te trek met opgaaf van redes. Hierdie ‘redes’ moet of wees van finansiéle aard of na aanleiding van skorsings en ander wangedrag.

4.5 Skorsing / Opskorting

Die Dagbestuur wat ook optree as Tugkomitee, kan na deeglike oorweging en met opgaaf van redes ‘n persoon se lidmaatskap opskort of sodanige persoon skors of streng beboet. Indien sodanige lid voel dat hy of sy onbillik
behandel is, kan daar skriftelik geappelleer word tot die Bestuurskomitee wie se beslissing finaal sal wees.

4.6 Ere Gelde

Verkiesing van erelede moet by wyse van geslote stembriewe geskied. ‘N Voorstel dat ere-lidmaatskap toegestaan word, mag slegs na behoorlike oorweging en goedkeuring deur die Bestuurskomitee aan ‘n Algemene Jaarvergadering voorgelé word.

Erelidmaatskap van die Klub kan toegeken word aan persone wat besondere dienste aan die Klub gelewer het.

Erelede sal al die voorregte van lidmaatskap van die Klub geniet, sonder betaling van ledegelde.

Daar sal op geen gegewe oomblik meer as 5 Erelede in die Klub wees nie.

4.7 <u>Sporttoekennings</u>

Ter bevordering van die sport kan die Bestuurskomitee jaarliks die volgende toekennings maak, wat op die eersvolgende jaareindfunksie oorhandig moet word.

Sertifikate word aan lede toegeken wat onderskeidelik 500 wedloop kilometers per jaar in amptelike klub klere voltooi het.

Klub wisseltrofee: Klublid wat die beste prestasie volgens die klub se punte tabel gelewer het of as beste presteerder gekies sal word.

4.8 <u>Ander Toekennings</u>

Die Bestuurskomitee kan ook jaarliks die volgende toekennings maak, op grond van dienste gelewer aan die Klub. Hierdie toekennings kan ook gemaak word aan lede wat nie noodwendig 'n klublid is nie.

Ere Rolle: Uitstaande dienste aan die Klub
Voormalige Voorsitters

4.9 <u>Klubkampioenskappe</u>

Alle ingeskrewe lede van die Klub mag om Klub titels meeding.

**5. ADMINISTRASIE**

Die Klub se administrasie sal behartig word deur die volgende komitees:

Bestuurskomitee
Dag bestuur/Tugkomitee
Wedloop reelingskomitee

5.1 <u>Bestuurskomitee</u>
Die Bestuurskomitee sal uit die volgende lede bestaan:

Voorsitter:

Leier/ Koordineerder
Koordineer met wedloop—koordineerders
Skakel met ASA/ BOLAND
Grondwet

Sekretaris (se):

Agendas en notules
Korrespondensie
Registrasie
Klub klere

Tesourier:

Hanteer alle finansiéle aangeleenthede
Byhou van rekeninge (Klub en wedlope)
Verantwoordelik vir opstel van 'n begroting
Inventaris van bates

Klub kaptein / Onderkaptein

Klub aangeleenthede
Eenheid en motivering
Nuusbriewe

Wedloop koordineerder:

Koordineer alle wedlope wat onder beskerming van klub aangebied word volgens reels van ASA.
Alle portefeuljes word gedelegeer

Addisionele lede:

Take soos van tyd tot tyd opgedra.

Slegs 'n Algemene Vergadering van lede kan besluite van die Bestuurskomitee ongedaan maak; origens het die Bestuurskomitee, onderworpe aan die bepalings van hierdie konstitusie, volle gesag oor al die Klub se sake. Die Bestuurskomitee beheer die Klub se geldsake en het die reg om die Klub se fondse te bereik en te bevorder. Die Bestuurskomitee kan bankrekenings open, gelde daarin stort of daaruit onttrek. Die Bestuurskomitee kan ook names die Klub kontrakte aangaan of beéindig.

Die Bestuurskomitee vergader gereeld op datums en tye wat deur homself bepaal word en 'n Bestuurskomitee lid wat sonder geldige verskoning van drie vergaderings in een jaar afwesig is, verbeur sy lidmaatskap van die Bestuurskomitee.

Vakatures wat in die loop van 'n jaar as gevolg van verbeuring van lidmaatskap of om ander redes in die Bestuurskomitee mag ontstaan, word deur die oorblywende Bestuurskomitee lede aangevul.

Die Bestuurskomitee kies die afgevaardigdes wat die Klub by Boland Atletiek verteenwoordig.

Afrigters word deur die Bestuurskomitee aangewys en kan as lid van die Bestuurskomitee dien.

Die Bestuurskomitee het die reg om te eniger tyd kleiner komitees uit sy eie geledere of uit ander lede van die klub aan te stel om bepaalde take uit te voer.

Vier lede vorm 'n kworum by vergaderings van die Bestuur en die helfte van die lede plus een is 'n kworum by die vergaderings van enige ander subkomitee.

Die Voorsitter of sy afgevaardigde besit ex officio die reg om elke vergadering van elke sub-komitee byte woon, aan die bespreking deel te neem en te stem.

By elke Bestuurskomitee- of sub-komiteevergadering kan en het die Voorsitter die reg om, by staking van stemme, behalwe sy gewone stem ook 'n beslissende stem uit te bring.

Indien die Voorsitter nie ‘n Bestuurskomiteevergadering kan bywoon nie, neem die Sekretaris (se) / Tesourier die stoel in. Indien al drie afwesig is, en daar is nog ‘n kworum, kies die aanwesiges uit hul geledere ‘n Voorsitter vir die geleentheid. So ‘n tydelike Voorsitter sal ook by staking van stemme ‘n beslissende stem mag uitbring. Mutatis mutandis geld dit ook vir vergaderings van alle subkomitees.

Die Voorsitter, Sekretaris (se), Tesourier, Klub kaptein of Onderkaptein, word vir ‘n termyn van 2 jaar op die Algemene Jaarvergadering verkies.

5.2 <u>Dagbestuur / Tugkomitee</u>

Die Dagbestuur / Tugkomitee sal uit die volgende lede bestaan:

Voorsitter
Sekretaris (se)
Tesourier

Bogenoemde lede moet ook lede van die Bestuurskomitee wees en dieselfde posisie op die Bestuurskomitee beklee.

Die Dagbestuur sal in dringende gevalle volmag besit om namens die Bestuurskomitee alle besluite te neem wat tydens die volgende Bestuurskomiteevergadering vir goedkeuring voorgelé moet word.

Die Dagbestuur plus die klub kapteins tree as Tugkomitee op en het die reg om lede wat die Klub se reels en reglemente oortree of wat hulle andersins aan wangedrag skuldig maak, tydelik te skors of andersins te straf. ‘n Lid kan selfs permanent deur die Tugkomitee geskors word. Tugkomitee beslissings moet slegs tydens die volgende Bestuurskomiteevergadering vir kennisname voorgelé word.

Behalwe sy gewone stem het die Voorsitter van die vergadering van stemme ook ‘n beslissende stem.

Indien die Voorsitter nie teenwoordig kan wees nie, neem die Sekretaris (se) / Tesourier die stoel.

5.3 <u>Wedloop Reelingskomitee</u>

Voorsitter van Komitee

Verantwoordelik en koordineer wedloop aangeleenthede

Voorsitter

Tree op ter beskerming van die Klub se belange. Geen besluit van die wedloop reélingskomitee sal geldig wees as die Voorsitter of sy afgevaardigde nie teenwoordig was nie.

Addisionele Lede

Die aantal addisionele lede wat benodig word om die portefeuljes te vul, word aan die diskresie van die Bestuur oorgelaat.

Die Bestuurskomitee of ‘n algemene vergadering van lede kan besluite van die wedloop reélingskomitee ongedaan maak; origens het die wedloop reelingskomitee, onderhewig aan die bepalings van hierdie konstitusie, volle gesag oor die reélings en aanbied van die wedloop.

Die Bestuur kan namens die klub in die uitvoering van hulle pligte bankrekenings open, gelde daarin stort of daaruit onttrek. Die Bestuur kan ook in die uitvoering van hul pligte namens die Klub kontrakte aangaan of
beeindig.

Die wedloop reélingskomitee vergader gereeld op datums en tye wat deur homself bepaal word en ‘n lid van sodanige komitee wat sonder geldige verskonings van drie vergaderings in een jaar afwesig is, verbeur sy
Iidmaatskap van die komitee. Notules van wedloop reelings of vergaderings moet aan die Bestuur voorgelé word.

Vakatures wat in die loop van ‘n jaar as gevolg van verbeuring van Iidmaatskap of om ander redes in die komitee ontstaan, word of deur die oorblywende komiteelede aangevul of die komitee kan na goeddunke lede
koopteer ter uitvoering van hulle pligte. Die klousule dat ten minste twee lede op hierdie wedloop reélingskomitee klublede (aktief of nie-aktief) moet wees geld steeds.

Drie lede vorm ‘n kworum by vergaderings van die komitee.

Die wedloop koordineerder tree op as Voorsitter (ster) van die vergadering en het by staking van stemme, behalwe sy / haar gewone stem ook die reg tot ‘n beslissende stem.

As die wedloop koordineerder nie die vergadering kan bywoon nie, maar daar is ‘n kworum, kies die aanwesiges uit hul geledere ‘n Voorsitter vir die geleentheid. Hierdie tydelike Voorsitter moet ‘n klublid wees en sal ook by
staking van stemme ‘n beslissende stem mag uitbring.

## 6 FINANSIES

6.1 Boekjaar

Die Klub se finansiéle jaar sal strek van 1 Januarie tot 31 Desember.

6.2 Rekenmeester

Die Algemene Jaarvergadering stel ‘n rekenmeester aan vir die komende jaar.

‘n Rekenmeester se dienste kan slegs opgeskort word indien ‘n meerderheid ten tye van die Algemene Jaarvergadering sodanige besluit steun, waarna die Algemene Jaarvergadering onmiddellik ‘n nuwe Rekenmeester moet aanwys.

Indien die aangewese Rekenmeester nie meer kan voortgaan met sy pligte as Rekenmeester nie, moet ‘n Rekenmeester tot datum van die volgende Algemene Jaarvergadering, deur die Bestuurskomitee aangewys word.

6.3 Tekenmagte

Die volgende persone sal oor tekenmagte beskik en alle onttrekkings moet van twee van sodanige persone se handtekeninge voorsien wees.

Voorsitter
Sekretaris (se)
Tesourier

## 7 VERGADERINGS

7.1 Algemene Jaarvergaderinq

Daar word elke jaar gedurende die eerste kwartaal ‘n Algemene Jaarvergadering gehou, waartydens die volgende sake behandel moet word

- Goedkeuring van jaarverslae (Voorsitter se verslag, Finansiele Verslag, Wedlope se verslae en Rekenmeesters verslag) en notule van die vorige vergadering
- Goedkeuring van die finansiéle state
- Verkiesing van lede van die Bestuurskomitee
- Verkiesing van Erelede
- Bepaling van die ledegeld en intreegeld vir die komende jaar.

Kennis van so ‘n Algemene Jaarvergadering, met die nodige sakelys, moet minstens 14 dae voor die vergadering aan die lede verstrek word. Kennis van die Algemene Jaarvergadering moet ook in die plaaslike koerant verskyn, minstens 14 dae voor sodanige vergadering.

Slegs stemgeregtigde lede mag op die Algemene Jaarvergadering stem.

Aspirant lede mag die Jaarvergadering bywoon en mag met die verlof van die Voorsitter van die Bestuurskomitee aan die bespreking deelneem, maar mag nie voorstelle maak of stem nie.

Stemming geskied deur die opsteek van hande behalwe as die Voorsitter anders beslis of die vergadering anders besluit of as die konstitusie anders bepaaL

50% Van lede plus een, vorm ‘n kworum by ‘n Algemene Jaarvergadering.

Indien daar behoorlik kennis van ‘n Algemene Jaarvergadering gegee is en daar is op die vasgestelde tyd van die vergadering nie ‘n kworum aanwesig nie, sal die vergadering vir 15 minute verdaag word. As daar na 15 minute nog nie ‘n kworum aanwesig is nie, sal die aanwesige lede, wat die getal ook al mag wees, ‘n wettige kworum geag word en sal die vergadering met die volle gesag van ‘n wettige vergadering beklee wees.

Tydens die Algemene Jaarvergadering tree die Klubvoorsitter op as Voorsitter en in sy afwesigheid die Sekretaris (se) of Tesourier.

Tydens die vergadering sal elke stemgeregtigde lid oor een stem beskik.

7.2 Spesiale Algemene Vergaderings

Indien die Bestuurskomitee dit nodig vind of as enige vyf lede van die Klub skriftelik daarom vra, word 'n Spesiale Algemene Vergadering van lede volgens die voorgeskrewe prosedure byeengeroep. Sodanige Spesiale
Algemene Vergadering moet besonderhede oor die sake wat daar behandel sal word bevat. Geen ander sake mag by so 'n vergadering behandel word nie.

50% Van lede plus een van die stemgeregtigde lede vorm 'n kworum. Indien 'n kworum nie teenwoordig is tydens sodanige vergadering nie, moet die vergadering met die nodige kennisgewing met 14 dae uitgestel word.

Die Klubvoorsitter tree op as Voorsitter van die vergadering en in sy afwesigheid die Sekretaris (se) of Tesourier. Indien al drie afwesig is, verkies

die vergadering 'n Voorsitter wat vir die duur van die vergadering sal optree as Voorsitter.

Elke stemgeregtigde lid besit 1 stem tydens die vergadering.

Geen persoon wat nie stemgeregtig is nie, mag die vergadering bywoon nie.

7.3 Bestuurskomiteevergaderings

Sien item 5.1

7.4 Dagbestuursvergadering / Tugkomiteevergadering

Sien item 5.2

7.5 Wedloopreelingskomiteevergaderings

Sien item 5.3

**8 KLEURE**

8.1 Atletiekdrag

Wit frokkie met donkerblou streep met borgwapen voor en die woorde "Whalers" in wit voorop. Dit word deur mans en vroue gedra met 'n donkerblou broekie.

8.2 Algemeen

Elke lid van die Klub moet by elke amptelike wedloop byeenkoms waar hy of sy die Klub verteenwoordig, in die Klub se amptelike wedloopdrag optree.

Slegs die Klub beskik oor die mag om aan enige persoon die reg te verleen om die Klub se kleure te dra. As iemand dus sy lidmaatskap van die Klub verbeur, kan die Klub ook sy reg om die Klubklere te dra, van hom ontneem.

## 9 BESERINGS OF SKADE

Die Klub is geensins aanspreeklik vir skadevergoeding as gevolg van beserings of ander skade wat sy eie lede of besoekende atlete of ampsdraers tydens of as gevolg van hul beoefening van atletiek op doen nie.

## 10 TOERUSTING

Toerusting wat deur die Klub aangeskaf word, is die eiendom van die Klub en mag slegs met verlof van die Bestuurskomitee gebruik word.

## 11 REGLEMENTE

Die Bestuurskomitee het die gesag om reglemente ter doeltreffender bestuur van die Klub se sake neer te lé.